

20 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 5:14-20 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 5:14

Julle is die lig vir die wêreld

As Jesus sê dat ons as Christene die lig vir die wêreld is, beteken dit nie dat ons *uit ons eie* die lig kan uitstraal nie. O nee! Ná die sondeval het die mens die ene duisternis geword (Ef 5:8). Dit is daarom dat Jesus ons met 'n lamp vergelyk. 'n Lamp kan nie brand as dit nie met olie gevul word nie. Ons kan eers lig uitstraal as ons met die olie van die Heilige Gees vervul word.

Julle is die lig *vir die wêreld*. Is dit moontlik? Wil Jesus hê ons moet almal geloofshelde soos Elia en Paulus wees? O nee! 'n Lampie skyn tog net in 'n *beperkte ruimte*. Daar waar God ons plaas, moet ons lig sigbaar word. As gelowiges dit *saam doen*, is ons 'n lig vir die wêreld. Ja, soos die sterre nooit ophou om te skyn nie, so mag die Christen nooit ophou om 'n lig vir die wêreld in woord en daad te wees nie!

Waarom moet ons ons lig so voor die mense laat skyn? Jesus sê, "dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik." Laat ons dit nooit vergeet nie! As ons deur ons goeie werke 'n lig vir die wêreld is, sal die ongelowiges moet erken: Die goeie werke van die gelowiges is oneindig beter as die sondige werke van ongeloof en haat wat die wêreld uitstraal. Hulle sál ons Vader dan verheerlik! Doen ons dit nie, word God se Naam gelaster.

Die vraag is daarom: Is ons lewe 'n lig wat die duisternis van die sonde verjaag? Of 'n spons wat die sonde gretig opsuig?

Sing: Psalm 36:3 Dr CJ Malan (Emeritus)